LAERSKOOL HELDERKRUIN
Privaatsak X01, Helderkruin 1733
Telefoon: 764 2506/7 Faks: 764 5602
E-Pos: helder2@global.co.za
Webblad: http://www.laerskoolhelderkruin.co.za

Koorbrief 15 2011 08 24

Geagte Koorouers

1. JUNIORKOOR: Twee optredes

1.1 Donderdag 1 September: Campus Kaleidoscope: UJ

Venue : UJ Arts Centre, Theater
H/v Kingsway en University Road (Kaart ingesluit)

Tyd : 19:00 tot 21:30
KOORLEDE MELD AAN OM 17:45 VIR MASSAKOOROEFENING

Parkering: Parkeer op die kampus. Gebruik hek 1, lig veiligheidspersoneel in dat u op pad is na die konsert by die Arts Centre, anders gaan u nie toegelaat word op die kampus nie.

Kaartjies: Bestel kaartjies by die skool vanaf Donderdag 25 Augustus tot Dinsdag 30 Augustus by die koorouer in die Personeelkamer, gedurende adminperiode 07:35 tot 07:55.
Volwassenes: R50
Studente, skoliere en pensionarisse: R30
Kaartjies word dan Woensdag 31 Augustus by die skool afgelewer.

Verversings: Voorsien asseblief u kind van 'n kospakkie en water. Geen sjokolade of gaskoeldrank nie.
Koffie en verversings beskibkaar vir ouers in die Foyer. Geen verversings word toegelaat in die teater nie.

Die kore word in verskillende lokale gehuisves tot 18:45, met die gevolg dat hulle nie maklik bereikbaar gaan wees nie. Daarom sal dit goed wees as elke kind sy/haar eie kospakkie saamneem.

1.2 Sondag 4 September : Optrede by NG Horison Noord

Tyd : Koor meld 08:15 aan vir stemtoets.
Alle koorlede moet asseblief stiptelik om 08:15 aanmeld.
Erediens duur vanaf 09:00 tot 10:00.

Verversings: Maak asseblief seker dat u kind/ers wel ontbyt nuttig voor die tyd.
Geen verversings word saamgebring nie. Die diens is spesiaal 'n "kinderdiens" wat hoofsaaklik uit sang gaan bestaan.

VERSOEK ASSEBLIEF
Elke stemmetjie is baie, baie belangrik. Indien u 'n probleem ondervind met dié twee optredes, bespreek dit vroegtydig met me Carien Horn of me Elize Fourie, sodat ons 'n oplossing kan probeer vind.

2. KINDERKOOR (Oom Henk)

Optrede Vrydag 2 September by NG Kerk Constantiakruin: Pryswennerskonsert van Suid-Afrikaanse Kerkorreliste Vereniging se orrelkompetisie.

2.1 Tyd : 19:00 tot 20:30
Koor meld stiptelik 18:00 aan vir opwarming en stemtoets.

Verversings: Koorlede nuttig aandete tuis. Geen verversings of sakke word saamgebring nie. Koorlede sit in die kerk vir die duur van die program.

Padkaart: Sal voorsien word.

Kaartjies: R50 per persoon.

2/...

VRIENDELIKE DOG DRINGENDE VERSOEK

Tydens ons vorige optrede was agt van die 46 koorlede afwesig. Dit skep regtigwaar 'n probleem vir die koorleier en die res van die koorlede. Probeer asseblief om u kind(ers) by elke optrede te besorg. Indien u vervoerprobleme ondervind, raadpleeg asseblief die adreslys van medekoorlede, of skakel me Carien Horn.

Die reël is dat 'n skriftelike verskoning reeds vooraf by oom Henk of mee Melinda Nel of Carien Horn ingehandig moet word.

3. VERDERE OPTREDES DIÉ KWARTAAL

Albei kore : 1) Saterdagoggend 10 September by ons Graad R en 1 Oopdag.
2) NEA (Randburgse Kunswedstryd)
Kinderkoor (oom Henk) : Dinsdag 13 September
Juniorkoor : Woensdag 14 September

Indien die kore by die kunswedstryd 'n diploma (90%+) sou behaal, kom hulle in aanmerking vir 'n kultuurbalkie – ***SLEGS INDIEN HULLE TEENWOORDIG WAS***.

4. CD EN DVD: Jakkie Louw

Sperdatum vir bestelling is Vrydag 26 Augustus
CD : R60
DVD : R140
Pakket : (CD en DVD) R180
Die DVD is reeds beskikbaar by me Carien Horn.

Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning.

Helderkruingroete

C SCHUTTE
HOOF

C HORN
KOORORGANISEERDER

SKEURSTROKIE: *KOORBRIEF 15*

Ek, …… …….. ouer/voog van ..... neem kennis van Koorbrief 15.

Opmerking: _____

_____

_____

_____ _____

HANDTEKENING VAN OUER **DATUM**